



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

NOVEMBER 2022

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye.

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1.1	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.169; Suksesvol, p.190-191)</i>	(1)
1.1.2	B✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)</i>	(1)
1.1.3	D✓	<i>Verstaan, matig (Verken, p.167; Suksesvol, p.185)</i>	(1)
1.1.4	B✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.183; Suksesvol, p.202)</i>	(1)
1.1.5	D✓	<i>Toepassing, maklik (Verken, p.167-168; Suksesvol, p.184-185)</i>	(1)
1.1.6	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.77; Suksesvol, p.91)</i>	(1)
1.1.7	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.74; Suksesvol, p.84)</i>	(1)
1.1.8	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.77; Suksesvol, p.87)</i>	(1)
1.1.9	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.90; Suksesvol, p.106)</i>	(1)
1.1.10	D✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.104; Suksesvol, p.124-126)</i>	(1)
1.1.11	B✓	<i>Verstaan, maklik (Grade 11)</i>	(1)
1.1.12	C✓	<i>Verstaan, matig (Grade 11)</i>	(1)
1.1.13	D✓	<i>Verstaan, matig (Verken, p.134; Suksesvol, p.155)</i>	(1)
1.1.14	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.128; Suksesvol, p.146)</i>	(1)
1.1.15	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.138; Suksesvol, p.155)</i>	(1)
1.1.16	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.15; Suksesvol, p.21)</i>	(1)
1.1.17	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.17; Suksesvol, p.23)</i>	(1)
1.1.18	A✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)</i>	(1)
1.1.19	D✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.24; Suksesvol, p.25)</i>	(1)
1.1.20	B✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.16; Suksesvol, p.22)</i>	(1)

1.2	1.2.1	Uitvissing/ phishing/ scam/ swendelskema/✓		
	1.2.2	Vrystellings/ uitsluitingsklousule✓		
	1.2.3	Stokvel/ (gemeenskap) spaarklub✓		
	1.2.4	Onbillike/ onredelike/ onregverdigde sakepraktyke✓		(4)
		<i>Onthou, maklik (Verken, p.156-161; Suksesvol, p.173-178)</i>		
1.3	1.3.1	C✓		
	1.3.2	A✓		
	1.3.3	D✓		(3)
		<i>Verstaan, matig (Verken, p.49-51; Suksesvol, p.50-55)</i>		
1.4	1.4.1	Anti-oksidadant✓		
	1.4.2	Chemiese preserveermiddels✓		
	1.4.3	Stabiliseerders✓		
	1.4.4	Bleikmiddels✓		
	1.4.5	Geurmiddels✓		(5)
		<i>Onthou, maklik (Verken, p.93-94; Suksesvol, p.113-114)</i>		
1.5	B✓			
	E✓			
	F✓		(Enige volgorde)	(3)
		<i>Onthou, maklik (Verken, p.118; Suksesvol, p.137)</i>		
1.6	A✓			
	C✓			
	E✓			
	F✓			
	I✓		(Enige volgorde)	(5)
		<i>Verstaan, maklik (Verken, p.27-28; Suksesvol, p.26)</i>		
			TOTAAL AFDELING A:	40

AFDELING B: LANGVRAE**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 **Noem TWEE maniere waarop rente op kredietooreenkomste bereken word.**

- Enkelvoudige rente^{✓1}
- Saamgestelde rente^{✓2}

Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)

(2)

2.2 **Definieer die term *grysgoedere/parallele invoere*.**

Items wat 'n vervaardiger^{✓1} nie in 'n spesifieke land^{✓2} verkoop wil hê nie, maar wat daar beland deur nie-amptelike verspreidingskanale.^{✓3}

OF

Items wat in die land ingevoer is deur nie-amptelike kanale.^{✓4} Hulle is nie onwettig nie^{✓5} aangesien alle noodsaaklike belasting word betaal.^{✓6}

Onthou, maklik (Verken, p.158; Suksesvol, p.176)

(3)

2.3 **Noem DRIE maniere waarop verbruikers water kan bespaar tydens tuinmaak.**

- Gebruik gryswater.^{✓1}
- Gebruik water uit die warmwatertenk se oorloopyp.^{✓2}
- Gebruik reënwater/ reënwaterenks/ boorgatte.^{✓3}
- Plant inheemse/ waterbesparende plante wat minder water benodig.^{✓4}
- Groepeer plante met soortgelyke waterbehoefte bymekaar.^{✓5}
- Gebruik molm/ kleinklippies/ steentjies/ deklaag om vog in die grond te behou.^{✓6}
- Moenie die tuin tydens die warmste tyd van die dag water gee nie/ maak die tuin in die oggend/ laat saans nat.^{✓7}
- Moenie die tuin nat maak wanneer dit winderig is nie.^{✓8}
- Gebruik 'n emmer/ gieter/ drupsisteem in plaas van sprinkelaars/ 'n tuinslang.^{✓9}
- Moenie elke dag die tuin natmaak nie/ twee tot driekeer per week.^{✓10}

(Enige 3)

(3)

Onthou, matig (Verken, p.180-181; Suksesvol, p.199)

2.4 Verduidelik die belastings:**2.4.1 BTW (belasting op toegevoegde waarde)**

- 'n Sekere persentasie/ 15%^{✓1} wat by die prys van gespesifiseerde goedere en dienste wat besighede verkoop, gevoeg word.^{✓2}
- Alle verbruikers betaal BTW.^{✓3}

OF

- 'n Persentasie/ 15%^{✓4} wat by die prys van goedere en dienste by elke stadium van produksie gehef word.^{✓5}
- Alle verbruikers betaal BTW.^{✓6} (Enige 2) (2)

Onthou, matig (Verken, p.164; Suksesvol, p.181)

2.4.2 Aksynsbelasting (sondebelasting)

Belasting word gehef op die vervaardiging/ verkope^{✓1} van op daaglikse kommoditeite wat vinnig verkoop/ nie - noodsaaklike/ luukse items.^{✓2}

Voorbeelde sluit in: alkohol/ tabak/ sigarette/ parfuum/ brandstof.^{✓3} (2) (Enige 2)

Verstaan, matig (Verken, p.165; Suksesvol, p.182)

2.5 Noem DRIE maniere om elektrisiteit te bespaar wanneer 'n yskas gebruik word.

- Laat lug in die yskas sirkuleer.^{✓1}
- Moenie die yskas oorvol maak nie.^{✓2}
- 'n Vol yskas gebruik minder elektrisiteit as 'n leë yskas.^{✓3}
- Laat warm voedsel afkoel^{✓4} voordat dit in die yskas geplaas word.
- Stel die kontroles volgens die seisoen.^{✓5}
- Moenie die deur onnodig oopmaak nie.^{✓6}
- Maak seker dat die rubberseël in 'n goeie toestand is/nie beskadig/verweer is nie.^{✓7}
- Moenie die yskas naby die stoof/ warm area^{✓8} in die huis plaas nie.
- Laat altyd 'n spasie agter^{✓9} die yskas vir lugsirkulasie.
- Ontdooi^{✓10} die yskas gereeld.
- Stofsuig^{✓11} die yskaspoel ('coils') gereeld. (Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.173-174; Suksesvol, p.160)

2.6 **Bespreek wat munisipaliteite kan doen om misdaad te verminder en gemeenskappe veiliger te maak om in te woon.**

- Munisipaliteite voorsien straatligte.✓¹ Indien die area verlig is/ nie donker is nie, kan misdaad nie plaasvind nie/ kan mense sien waar om te loop.✓²
- Hulle voorsien brandweerdienste✓³ om vure onmiddellik, voordat dit versprei en verdere skade veroorsaak, te blus.✓⁴
- Verseker dat stormwaterdreinerings/ mangat ('manholes') bedek is✓⁵ om te voorkom dat mense daarin val/ sodat reënwater weg kan vloei.✓⁶
- Voorsien verkeerspolisering✓⁷ om die verkeer te beheer en mense veilig op die pad te hou.✓⁸
- Verseker dat die paaie herstel word/ geen slaggate hê✓⁹ om ongelukke te vermy.✓¹⁰
- Sny bome en bosse✓¹¹ sodat daar nie plek is waar kriminele kan wegsteek nie.✓¹²
- Verwyder vullis✓¹³ sodat mense nie siek word nie/ kriminele nie daar kan wegsteek nie.✓¹⁴
- Voorsien skoon water✓¹⁵ vir geskikte sanitasie.✓¹⁶
- Herstel beskadigde elektriese drade✓¹⁷ om ongelukke te vermy.✓¹⁸
- Herstel riool lekkasies✓¹⁹ vir veilige en higiëniese redes.✓²⁰
- Hou munisipale geboue/ ontspanningsgeriewe in stand✓²¹ om die veiligheid van die publiek te verseker.✓²² (Enige 6)

(6)

Toepassing, moeilik (Verken, p.184; Suksesvol, p.202)

2.7 **Verduidelik hoe 'n stapelvlak/multi-vlak bemarkingskema werk.**

- Dit is 'n wettige piramiedeskema.✓¹
- 'n Produk word te koop aangebied✓² deur direkte bemarking.✓³
- Die mense wat die verkope doen verdien 'n persie van die fondse wat deur die verkope van die produk gegenerereer was.✓⁴
- Die mense wat verkoop, werf ook✓⁵ meer mense om vir hulle te verkoop.✓⁶ Hulle is dan in staat om ook fondse/ kommissie te verdien✓⁷ uit die verkope van die mense wat hulle gewerf het. (Enige 3)

(3)

Verstaan, matig (Verken, p.162; Suksesvol, p.179)

2.8 2.8.1 **Verduidelik die term kontrak.**

'n Kontrak is 'n wettige ooreenkoms✓¹ tussen twee mense✓² waar een party belowe om iets waardevols in ruil aan te bied.✓³

OF

'n Kontrak is 'n ooreenkoms✓⁴ wat beoog om wettige✓⁵ regte en verantwoordelikhede tussen sy partye te skep.✓⁶

(2)

Onthou, maklik (Verken, p.155; Suksesvol, p.169)

2.8.2 **Verduidelik hoe die afkoelperiode Ayanda beskerm het toe sy die alarmstelselkontrak gekanselleer het.**

- Ayanda is deur direkte bemerking/ transaksie wat sy nie geïnisieer het, genader.^{✓1}
- Sy het die reg om die kontrak te kanselleer/ haar aankoop te heroorweeg/ haar besluit te verander^{✓2} binne vyf besigheids/ werksdae,^{✓3} sonder 'n rede^{✓4}
- Ayanda het die kontrak binne drie dae gekanselleer^{✓5} voordat die alarmstelsel geïnstalleer was.
- Sy mag nie enige boete vir die kansellering gevra word nie,^{✓6} aangesien sy dit binne die afkoeltydperk gekanselleer het.

(Enige 3) (3)

Toepassing, matig (Verken, p.157; Suksesvol, p.173)

2.9 **Verduidelik die voordele vir die natuurlike omgewing wanneer gas gebruik word.**

- Gas is die skoonste fossielbrandstof beskikbaar^{✓1} en dit veroorsaak minder (lug) besoedeling.^{✓2}
- Gas is meer omgewingsvriendelik as steenkool of olie/ minder vervoer word vereis^{✓3} dus word minder koolstofvrystellings produseer.^{✓4}
- Gas het 'n laer koolstofvoetspoor as elektrisiteit/ verminder die behoefte vir mynhulpbronne soos steenkool^{✓5}.

(Enige 3)

(3)

Verstaan, matig (Verken, p.176; Suksesvol, p.194-195)

2.10 **Beskryf die impak van verhoogde brandstofpryse op verbruikers se reg om hulle basiese behoeftes te bevredig.**

- Die koste van vervoer werk/ skool toe^{✓1} vermeeder en verbruikers sal minder geld hê^{✓2} om basiese behoeftes te bevredig/ voedsel te koop wat tot voedselonsekerheid mag bydra.^{✓3}
- Verbruikers mag gedwing word om vanaf plaaslik winkels^{✓4} te koop en goedere mag duurder wees.^{✓5}
- Grondstowwe vir die produksie^{✓6} van voedsel/klere sal meer kos.
- Vervoer van produkte^{✓7} na kleinhandelaars sal meer kos.
- As gevolg van die verhoging van koste vir grondstowwe/ produkte, sal kleinhandelaars meer aanvra op die verkoopprijs van produkte^{✓8} om 'n wins te maak.^{✓9}
- Verbruikers sal meer vir basiese produkte/ voedsel/ klere betaal^{✓10} en sal minder besteebare geld hê.^{✓11}
- Sommige verbruikers mag nie verbandterugbetalings/ huur kan bekostig nie^{✓12} en sal genoodsaak wees om te verhuis.^{✓13}
- Mense mag lenings aangaan^{✓14} om hul basiese behoeftes te bevredig wat meer skuld tot gevolg mag hê.^{✓15}
- Indien huurders nie huur kan betaal, mag eienaars van eiendomme nie hul geld ontvang nie^{✓16} en dus nie instaat wees om hul basiese behoeftes te bevredig nie.^{✓17}

(Enige 8)

(8)

Analiseer, moeilik (Verbruikersaangeleentheid) (Verken, p.168; Suksesvol, p.185)

[40]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**3.1 Gee DRIE voorbeelde van voedsel wat bestraal kan word.**

- Kruie^{✓1}
- Speserye^{✓2}
- Vrugte^{✓3}
- Groente/aartappels^{✓4}
- Vleis^{✓5}
- Pluimvee^{✓6}
- Vis^{✓7}
- Heuning^{✓8}
- Grane^{✓9}
- Peulgroente^{✓10}

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.105; Suksesvol, p.127-128)***3.2 Verduidelik die term voedselsekerheid.**

Die vermoë van individue om op 'n daaglikse basis^{✓1} voedsel te bekom/toegang tot voedsel te hê^{✓2} genoegsame/ veilige/ voedsame voedsel^{✓3} om in staat te wees om 'n aktiewe, gesonde leefstyl instand te hou.^{✓4}

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.106; Suksesvol, p.127-128)***3.3 Noem DRIE dieetverwante oorsake van hoë bloeddruk.**

- Oormatige sout/ natriuminname.^{✓1}
- Oorgewig/ vetsugtigheid/ hoë vet/ suiker inname/ lae vesel inname .^{✓2}
- Onvoldoende inname van suiwelprodukte.^{✓3}
- Onvoldoende inname van kalsium.^{✓4}
- Onvoldoende inname van vrugte/ groente.^{✓5}
- Onvoldoende inname van kalium.^{✓6}
- Onvoldoende inname van magnesium.^{✓7}
- Te veel/oormatige alkohol.^{✓8}

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.77; Suksesvol, p.87)***3.4 Verduidelik hoe die oordrag van gastroënteritis tydens voedselvoorbereiding voorkom kan word.**

- 'n Persoon wat gastroënteritis het moenie voedsel hanteer nie.^{✓1}
- Was/ berei voedsel voor met onbesmette/ skoon/ veilige water.^{✓2}
- Gebruik skoon gereedskap/ apparaat/ toonbanke/ werkoppervlakke/ opbergareas^{✓3} om besmetting te voorkom.
- Voedselhanteerders behoort higiëniese praktyke te volg om besmetting te vermy: Naels behoort kort en skoon te wees/ hare bedek/ skoon voorskoot.^{✓4}
- Was/ ontsmet hande nadat die toilet gebruik/ babadoeke geruil was/ voordat voedsel hanteer word.^{✓5}
- Voedsel behoort op die korrekte temperatuur gehou te word^{✓6} om die groei van skadelike organismes te beperk.
- Hou rou vleis/ eiers/ pluimvee/ vis weg van ander voedsel wat rou geëet gaan word.^{✓7}
- Maak seker dat voedsel deeglik gaargemaak word^{✓8} om skadelike organismes te vernietig.

(Enige 3) (3)

Onthou, matig (Verken, p.86-88; Suksesvol, p.109)

3.5 **Beskryf hoe arteriosklerose ontwikkel.**

Dit ontwikkel wanneer slagare^{✓1} verstop/ vernou en toe gaan^{✓2} as gevolg van die opbou van cholesterol/ ander vetterige stowwe/ plaak^{✓3} in die wande van die slagare.

Onthou, maklik (Verken, p.74; Suksesvol, p.83)

(3)

3.6 3.6.1 **Noem die bestanddeel wat in die grootste hoeveelheid in die voedselitem teenwoordig is.**

Grondboontjies[✓]

Onthou, maklik (Verken, p.97; Suksesvol, p.118)

(1)

3.6.2 **Maak 'n lys van die basiese inligting wat NIE op die etiket hierbo sigbaar is NIE.**

- Naam van die vervaardiger^{✓1}
- Adres van die vervaardiger^{✓2}
- Opberginstruksies^{✓3}
- Netto inhoud/ gewig^{✓4}
- Land van oorsprong^{✓5}
- Lotnommer^{✓6}
- Prys/ pryskode^{✓7}
- Verkoop teen/ beste voor/ vervaardigingsdatum^{✓8} (Enige 4)

Onthou, maklik (Verken, p.97-98; Suksesvol, p.118-119)

(4)

3.6.3 **Verduidelik die funksie van die emulsifiseerder in die bestanddelelys.**

Meng voedsel/ olie en water/ vloeistof^{✓1} en voorkom die skeiding van die bestanddele.^{✓2} Hulle verskaf 'n egalige tekstuur.^{✓3}

Onthou, maklik (Verken, p.93; Suksesvol, p.113)

(Enige 2)

(2)

3.7 3.7.1 **Identifiseer die voedselverwante gezondheidstoestand wat die dokter gediagnoseer het.**

Anemie[✓]

Verstaan, maklik (Verken, p.76; Suksesvol, p.91)

(1)

3.7.2 **Bespreek redes waarom die dokter die ontbytplan hierbo vir Nancy voorgeskryf het.**

- Nancy het anemie omdat sy 'n gebrek aan yster/ Vitamin B12 in haar dieet het.✓¹
- Vars vrugte/ lemoensap is ryk aan vitamien C/ foliensuur.✓² Vitamien C bevorder wat sal die absorpsie van yster bevorder.✓³
- Muesli bevat yster✓⁴ en foliensuur✓⁵ wat help in die formasie /benodig word vir die produksie van hemoglobien/ rooibloedselle.✓⁶
- Eiers bevat yster/ vitamien B12✓⁷ wat help in die vorming van rooibloedselle.✓⁸
- Nancy sal minder moeg voel✓⁹ indien sy die plan volg en dit sal haar gesondheid verbeter. (Enige 5)

(5)

Toepassing, matig (Verken, p.76-77; Suksesvol, p.91)

3.8 3.8.1 **Regverdig waarom SPYSKAART B skadelik sal wees vir 'n persoon wat aan 'n koronêre hartsiekte ly.**

- Vark/ room in die sampioensous/ spek/ kaas bevat versadigde vette.✓¹
- Versadigde vette veroorsaak dat die liggaam meer LDL produseer/ behou.✓²
- LDL (laedigheid-lipoproteïene) verhoog die bloed-cholesterolvlakke✓³ wat die geleidelike vernouing/ verstopping van die bloedvate/ slagare veroorsaak.✓⁴ Dit sal die koronêre hartsiekte vererger.

(4)

Analiseer, moeilik (Verken, p.74-75; Suksesvol, p.83-85)

3.8.2 **Bespreek waarom SPYSKAART A 'n gesonder opsie is vir 'n persoon wat aan hoë bloedcholesterolvlakke ly.**

- Die vis is gerooster, dus word die minimum hoeveelheid vet✓¹ gebruik.
- Vis bevat meestal onversadigde vette/ (HDL) hoëdigtheid-lipoproteïene.✓²
- HDL versamel oortollige bloedcholesterol✓³ en vervoer dit na die lewer waar dit afgebreek word, om uitgeskei te word.✓⁴
- Die vet in vis bevat omega-3 vetsure✓⁵ wat die hart/bloedvate beskerm.✓⁶
- Spinasie/ aarbeie bevat vesel,✓⁷ wat die opbou van bloedcholesterol in die slagare verminder✓⁸ dus verminder dit die risiko van arteriosklerose.✓⁹
- Laevet Fetakaas bevat minder versadigde vette,✓¹⁰ as volroom Fetakaas.
- Die vrugteslaai/ bessies bevat anti-oksidente✓¹¹ wat help om die skadelike effek van oksidasie in die liggaam te voorkom✓¹² deur die effek van vrye radikale te minimaliseer.✓¹³ (Enige 8)

(8)

Analiseer, moeilik (Verken, p.74-75; Suksesvol, p.84-85)

[40]

VRAAG 4: KLEDING**4.1 Definieer die term *handelsmerkrowery*.**

Handelsnaamrowery kom voor wanneer 'n produk opsetlik die naam van 'n soortgelyke produk van 'n welbekende handelsnaam^{✓1} gegee word sodat verbruikers dit kan verwar met die werklike handelsnaam.^{✓2}

OF

Handelsnaamrowery is die namaaksel/ vervalsing van die oorspronklike,^{✓3} maar hulle vertoon nie presies soos die oorspronklike nie.^{✓4}

OF

Handelsnaamrowery is die ongemagtigde^{✓5} gebruik van beskermdede handelsname/ embleme/ namaaksel van etikette/ verpakking/ aanbieding van produkte.^{✓6}

(2)

Onthou, matig (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)

4.2 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe ekonomiese faktore modeveranderinge sal beïnvloed.

Wanneer verbruikers geld het om te bestee^{✓1} floreer en verander mode.^{✓2} 'n Verhoging in inkomste stimuleer die mode-industrie^{✓3} en verbruikers kan bekostig om nuwe klere te koop en mode sal vinnig verander.^{✓4} Wanneer daar minder inkomste is,^{✓5} sal verbruikers minder klere koop en mode sal stadiger verander.^{✓6} Inflasie/ resessie/ depressie/ armoede^{✓7} sal ook die tempo waarteen mode verander, laat afneem.^{✓8}

(Enige 4)

(4)

Verstaan, matig (Verken, p.49; Suksesvol, p.53)

4.3 4.3.1 Identifiseer die stadium wat deur die aanvaardingsfase in die grafiek voorgestel word.

Hoogtepunt/ piek[✓]

(1)

Toepassing, maklik (Verken, p.50; Suksesvol, p.50)

4.3.2 Verduidelik wat gebeur met die mode tydens die stadium wat in VRAAG 4.3.1 genoem is.

- Die mode word in groot getalle geproduseer^{✓1} en daar is meer verkope van die mode.^{✓2} Die mode is op die hoogtepunt van gewildheid^{✓3} en baie/ meeste mense dra dit.^{✓4}
- Massa produksie^{✓5} stimuleer verkope.^{✓5}
- Dit is gereedelik beskikbaar/ is beskikbaar in baie winkels.^{✓6}
- Die mode word in tydskrifte/ vensteruitstallings^{✓7} deur klerewinkels geadverteer.^{✓8}

(Enige 2)

(2)

Verstaan, maklik (Verken, p.50; Suksesvol, p.50)

4.4 **Bespreek die interverwantskap tussen kwaliteit en prys wanneer klere vir die werkswereld gekoop word.**

- Klere vir die wêreld van werk is dikwels goeie gehalte klassieke style^{✓1} en kan vir 'n lang tydperk gedra word.
- Goeie gehalte klere kos gewoonlik meer/ is duurder^{✓2} maar hou langer/ vir baie seisoene.^{✓3} Dit mag op die lange duur geld bespaar.^{✓4}
- Goedkoper klere mag van swak gehalte^{✓5} wees en mag 'n kort lewensduur hê/ vir 'n kort tydperk/ seisoen duur,^{✓6} dus moet meer klere in 'n kort tyd gekoop word en meer geld sal in 'n korter periode aan klere bestee word.^{✓7}

(Enige 4) (4)

Toepassing, moeilik (Verken, p.55; Suksesvol, p.59)

4.5 4.5.1 **Gee DRIE redes waarom die kledingstukke in PRENT A en B as klassieke mode-items beskou kan word.**

- Beide items kan oor 'n lang periode/ vir baie seisoene/tydloos gewild bly.^{✓1}
- Die items word as smaakvol beskou.^{✓2}
- Katoenmengsels is gewild oor 'n lang periode.^{✓3}
- Blou en swart is klassieke kleur.^{✓4}
- Die swart sweetpak/ hemp/ bloes word deur eenvoud gekenmerk.^{✓5}
- Beide items word deur 'n groot groep verbruikers/ meeste mense aanvaar.^{✓6}

(Enige 3) (3)

Verstaan, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.51-57)

4.5.2 **Analiseer die voordele daarvan om die kledingstuk in PRENT A en die sweetpak in PRENT B te kombineer vir 'n aanlyn (virtuele) vergadering vir mense wat van die huis af werk.**

- In aanlyn vergaderings sal slegs die bolyf/ skouers en gesig indien nodig, gesien word.^{✓1}
- Die hemp/ bloes is professioneel/ formal/ nie ontblotend^{✓2} nie en dit is geskik vir die wêreld van werk.^{✓3}
- Dit kan met of sonder 'n das/ serp^{✓4} gedra word om dit meer of minder formeel^{✓5} te maak.
- Dit kan met of sonder 'n baadjie gedra word.^{✓6}
- Die onderste deel is gemaklik/ nie noupassend/ sag om tuis te dra/ ontspanne gevoel.^{✓7}
- Katoen en katoenmengsels is gemaklik/ koel om te dra.^{✓8}

(Enige 4) (4)

*Analiserings, moeilik (Verken, p.49, 54; Suksesvol, p.51, 55-57)***[20]**

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR**5.1 Noem wie deeltiteleiendomme bestuur.**

Huiseienaarsvereniging/ regs persoon/ korporatiewe liggaam✓ (1)
Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)

5.2 Verduidelik die term *huurooreenkoms*.

Dit is die kontrak/ ooreenkoms✓¹ tussen die eienaar/ verhuurder/ van die eiendom en die huurder.✓² (2)
Onthou, maklik (Verken, p.117; Suksesvol, p.137)

5.3 Noem TWEE tipes versekering wat 'n huiseienaar behoort te hê.

- Huiseienaars (Omvattende) Versekering.✓¹
- Huishoudelike (inhoud) versekering.✓²
- Lewensversekering/ verband/ verbandbeskermingsversekering.✓³ (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.127-128; Suksesvol, p.145)/Examination Guidelines

5.4 Verduidelik die finansiële nadele van die bou van 'n huis.

- Daar kan vertragings wees, wat tot bykomende boukoste sal lei.✓¹
- Onverwagte koste,✓² soos die voorbereiding van die perseel.
- Bykomende koste na die konstruksie, soos tuinaanleg/ om 'n tuin nuut te begin.✓³
- Betaling van eiendomsbelasting en munisipale diensgeld voordat okkupasie plaasvind.✓⁴
- Kan dunder wees as om 'n huis te koop✓⁵ weens boumateriaal koste en die erf.
- Daar is voortdurend 'n risiko van gebrekkige konstruksie en swak ontwerp, wat meer geld mag kos.✓⁶
- Die kan bouer/ huiseienaar kan uit geld hardloop en mag nie in staat wees om die huis te voltooi nie, dus sa die onvoltooide huis geen waarde hê nie.✓⁷ (Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.121; Suksesvol, p.138)

5.5 Noem die finansiële inligting wat by die koop-ooreenkoms ingesluit moet word wanneer 'n voltiteleiendom gekoop word.

- Korrekte koopprys.✓¹
- Dit behoort 'n rekord te hê van enige opskortende (toekenning van die verband) voorwaardes onderhewig aan die verkoop bv. indien die verkope onderhewig is aan 'n voorwaarde dat die koper 'n lening kry om die transaksie te finansier.✓² Bepaling dat die transaksie daaraan onderworpe is, dat 'n verband binne 'n vasgestelde tydperk verkry word. Indien daar nie daaraan voldoen word nie, sal die verkooptransaksie deur die mat val.✓³
- Okkupasiehuur indien die oordrag nie teen die okkupasiedatum voltooi is nie.✓⁴
- 'n Bepaling dat die verkoper vir die eiendomsagent se kommissie verantwoordelik is.✓⁵
- Die verkoper is verantwoordelik vir die elektrisiteitsvoldoeningsertifikaat.✓⁶
- Verkoper is verantwoordelik vir die betaling van die uitrook ('fumigation') van boorwurms/ termiete.✓⁷
- 'n Bepaling dat die koper vir alle ander uitgawes verantwoordelik is bv heruitverf van die huis.✓⁸
- 'n Klousule wat boetes stipuleer in geval een van die partye kontrakbreuk pleeg.✓⁹
- Sluit gewoonlik 'n voetstoots ("soos dit is") klousule in, wat beteken dat die verkoper nie aanspreeklik vir versteekte defekte, in die eiendom is, waarvan hy/sy onbewus was.✓¹⁰ (Enige 3) (3)

Verstaan, maklik (Verken, p.125; Suksesvol, p.143)

5.6 5.6.1 Identifiseer die tipe krediettransaksie wat hierbo verskaf word.

Afbetalings (koop) transaksie (ooreenkoms)/
huurkoop (ooreenkoms)✓

(1)

Onthou, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)

5.6.2 **Beskryf hoe die funksies van die mikrogolfoond in die prent hierbo vir 'n verbruiker voordelig sal wees.**

- 20 liter kapasiteit maak dit groot genoeg om groter^{✓1} maaltye gaar te maak.
- Ontdooiing volgens tyd of gewig, bereken die tyd en temperatuur wat nodig is om akkuraat te ontdooi.^{✓2}
- Vinnige begin en kombuis tydaanwyser funksies, dus word tyd/ elektrisiteit bespaar^{✓3} aangesien dit outomaties afskakel wanneer die tyd verstreke is.
- Elegante spieëlafwerking/ grys interieur maak dit maklik om skoon te maak.^{✓4}
- Gebruiksvriendelike kontrole panele, wat dit maklik maak om te gebruik.^{✓5}
- Drukknoppie deurmeganisme maak dit maklik om oop te maak.^{✓6}
- Digitale LED vertoonpaneel met horlosie maak dit maklik om die tyd te sien/ hoe gaarmaak voortgaan.^{✓7}
- 10 Kragvlakke maak dit moontlik om 'n verskeidenheid geregte gaar te maak.^{✓8}

(Enige 4)

(4)

Toepassing, matig (Verken, p.136, 141; Suksesvol, p.159-160)

5.7 **Analiseer die positiewe effek van die herwinning van E-afval op die volhoubaarheid van die natuurlike omgewing.**

- Die behoefte om nuwe grondstowwe te ontgin word verminder,^{✓1} verhoog volhoubaarheid en verminder die impak op die natuurlike omgewing.^{✓2}
- Minder elektrisiteit/ nie-menslike energie sal benodig word om nuwe produkte te produseer^{✓3} aangesien elektriese, huishoudelike toestelle waarmee weggedoen is, herwin/ hergebruik/ onderdele herverkoop word. Dit het 'n laer koolstofvoetspoor/ groenhuiseffek tot gevolg.^{✓4}
- Dit mag minder afval op afvalterreine skep,^{✓5} dus minder besoedeling.^{✓6}
- Dit verminder grond/ water/ lugbesoedeling^{✓7} omdat e-afval gevaarlike/ toksiese afval mag bevat.^{✓8}

(Enige 4)

(4)

Analysing, moeilik (Verken, p.138; Suksesvol, p.155)

[20]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**6.1 Definieer die term *teikenmark*.**

'n (Groep) mense^{✓1} wat die produk/ diens wil koop^{✓2} en wat bereid is om die prys wat aangevra word te betaal.^{✓3}

OF

'n (Spesifieke groep) mense/ kliënte^{✓4} aan wie die produk/ diens verkoop sal word.^{✓5}

(2)

Onthou, maklik (Verken, p.34; Suksesvol, p.33)

6.2 Noem die doel van produkspesifikasies.

- Die produk sal elke keer dieselfde wees ten opsigte van voorkoms en gehalte.^{✓1}
- Kliënte sal presies ontvang wat hulle verwag het.^{✓2}
- Voorkom verliese/ afval omdat alle produkte suksesvol behoort te wees/ dus sal daar geen verliese aan wins, as gevolg van mislukkings wees nie.^{✓3}

(Enige 2)

(2)

Onthou, matig (Verken, p.16; Suksesvol, p.15)

6.3 Gee DRIE redes vir die verpakking van produkte.

- Om die produk teen beskadiging/ agteruitgang te beskerm.^{✓1}
- Dit hou die produk veilig en higiënies.^{✓2}
- Dit kan dien as 'n stille verkoops persoon/ die aandag van verbruiker trek.^{✓3}
- Voorsien inligting vir gebruik en voorbereiding.^{✓4}
- Maak dit makliker om te hanteer/ te vervoer.^{✓5}
- Maklik om uit te stal.^{✓6}

(Enige 3)

(3)

Verstaan, matig (Verken, p.22; Suksesvol, p.29)

6.4 Verduidelik waarom 'n entrepreneur 'n werkplek moet netjies hou.

- Dit maak werk vinniger/ verhoog produktiwiteit.^{✓1}
- Dit is maklik om skoon te hou/ te ontsmet.^{✓2}
- Dit is maklik om materiaal te identifiseer/ help met organisasie.^{✓3}
- Dit voorkom ongelukke in die werksplek/ verskaf veilige werkomgewing.^{✓4}
- Minimaliseer die risiko van kruiskontaminasie in die werkplek (kombuis).^{✓5}
- Skep 'n goeie indruk/ positiewe beeld by potensiële kliënte.^{✓6}

(Enige 3)

(3)

Verstaan, matig (Verken, p.17; Suksesvol, p.22)

6.5 Verduidelik die doel van 'n produk se handelsnaam.

- Dit is om die produk te identifiseer/ om dit maklik te maak om die produk uit te ken.^{✓1}
- Om dit te onderskei van die mededigers sin.^{✓2}
- Om 'n idee wat kliënte sal verwag, te skep.^{✓3}
- Om beskermende regte/ egtheid vir 'n produk te skep.^{✓4}

(Enige

2)

Verstaan, matig (Verken, p.29; Suksesvol, p.28)

- 6.6 6.6.1 **Verduidelik hoe die jong entrepreneur tydens die keuse van 'n produk vir haar kleinskaalse besigheid die volgende faktore toegepas het:**
- (a) Finansiële hulpbronne**
(R350,00) hulp/ staatstoelaag✓ (1)
- (b) Werkspasie**
Haar ouers se motorhuis✓ (1)
- (c) Grondstowwe**
Ou houtplanke✓¹ in die woonbuurt, ou motorbande✓² in die skootwerf ('scrapyard'), kledingafvalstukke✓³ om meubels oor te trek. (3)
- (d) Menslike vaardighede**
'YouTube'-videos✓ (1)
- Onthou, maklik (Verken, p.10-13; Suksesvol, p.16-20)*
- 6.6.2 **Maak 'n lys van die stadiums in die produksieproses waar sy gehaltebeheer behoort toe te pas.**
- Keuse van grondstowwe/ hout planke en kledingstof.✓¹
 - Afmeet en sny van hout planke/ kledingstof afvalstukke.✓²
 - Wanneer die meubels oorgetrek word.✓³
 - Vaskram/ inboor van skroewe.✓⁴
 - Produk se netheid en skoonheid/ aantreklike voorkoms/goeie vakmanskap.✓⁵
 - Verpakking/ toedraai van die finale produk.✓⁶ (Enige 4) (4)
- Toepassing, matig (Verken, p.16; Suksesvol, p.22)*
- 6.6.3 **Verduidelik die impak wat die gehalte van die grondstowwe op die kwaliteit en prys van die finale produkte sal hê.**
- Die kledingafvalstukke/ motorband/ hout planke is nie nuut nie/ tweedehands✓¹ en hul gehalte is nie gewaarborg nie. ✓²
 - Die gehalte van haar grondstowwe beïnvloed die verkoopprijs van haar produkte.✓³ Die gehalte van haar finale produkte mag swak wees.✓⁴
 - Indien die grondstowwe van goeie gehalte is, kan sy 'n hoër prys vra.✓⁵ (4)
- Verstaan, matig (Verken, p.21; Suksesvol, p.24)*
- 6.6.4 **Die produksiekoste van een rusbank is R500,00 en sy voeg 45% as winsopslag by.**
- Bereken die verkoopprijs van EEN rusbank. Toon ALLE berekeninge.**
- $R500 + 45\% \checkmark^1 \quad \text{OF} \quad R500 \times 45 \div 100 \checkmark^2$
 $= R225 \checkmark^3$
- $R500 + R225$
 $= R725 \checkmark^4$ (3)
- Toepassing, matig (Verken, p.39-40; Suksesvol, p.37-40)*

6.6.5 **Sy verkoop een motorsitplekoortreksel teen R350,00 wat 20% wins insluit.**

Bereken die wins wat sy maak as sy ses sitplekoortreksels verkoop. Toon ALLE berekeninge.

$$20\% \text{ van } R350 = R70,00 \checkmark^1$$

$$70 \times 6 \checkmark^2 = R420 \checkmark^3$$

OF

$$R350 \times 6 \checkmark^4 = 2100$$

$$2100 \times 20 \div 100 \checkmark^5$$

$$R420 \checkmark^6$$

OF

$$R350 \times 100 \div 120 = R291.67 \checkmark^7$$

$$R350 - R291.67 = R58.33 \checkmark^8$$

$$R58.33 \times 6 = R349.98 / R350 \checkmark^9$$

OF

$$R350 \times 20 \div 120 \checkmark^{10} = R58.33 \checkmark^{11}$$

$$R58.33 \times 6 = R349.98 / R350 \checkmark^{12}$$

(3)

Toepassing, matig (Verken, p.39-40; Suksesvol, p.37-40)

6.6.6 **Die meubelbesigheid sal waarskynlik volhoubare winsgewindheid toon. Regverdig hierdie stelling.**

- Sy gebruik plaaslike grondstowwe^{✓1} wat maklik beskikbaar is.^{✓2}
- Die produksiekoste is laag^{✓3} omdat sy herwinde/
- tweedehandse material gebruik.^{✓4}
- Die gebruik van herwinde grondstowwe veroorsaak aantrekkingskrag vir omgewingsvriendelike kliënte^{✓5} wat aangemoedig mag word om hierdie besigheid te ondersteun.^{✓6}
- Die oorhoofse/ bokoste is laag^{✓7} omdat sy nie huur betaal vir die gebruik van haar ouers se motorhuis nie.^{✓8}
- Sy belê aanhoudend^{✓9} in die besigheid deur aankoop van toerusting om die besigheid te laat groei.^{✓10}
- Sy vra ook 'n deposito aan^{✓11} wat verseker dat daar geld beskikbaar is om die besigheid te bedryf.^{✓12}
- Sy het haar besigheid uitgebrei^{✓13} deur ook motorstoffering en meubelopknapping te voorsien.^{✓14}
- Sy vra 'n mededigende prys^{✓15} en kliënte keer aanhoudend terug.^{✓16}

(Enige 8)

(8)

Analisering, moeilik (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)

**TOTAAL AFDELING B: [40]
160**
GROOTTOTAAL: 200